

PAASTYD 2020



Maak my vry...Vyfde Sondag van Paastyd

Teks: 1 Petrus 2:2:10 en Joh 14:1-10

Joh 14

Joh 14 is een van die Lectio tekste van die week wat help met perspektief om 1 Pet 2 se boodskap te verstaan. Die konteks van Joh 14 is 'n somber prentjie. Jesus het sopas sy laaste maaltyd met sy dissipels gehad, hulle voete gewas en hulle 'n nuwe gebod gegee: *gaan hê lief soos Ek julle gewys het . . .* Hy het sy verraaier uitgewys, en voorspel dat Petrus hom gaan verloën . . . en om alles te kroon sê Hy dat Hy hulle gaan verlaat: *Waar Ek heen gaan, kan julle My nie volg nie . . .* (Joh 13:37). Hierdie woorde van Jesus laat die dissipels met onsekerheid en vrees. *Waarvan praat Hy?*

Die angstige dissipels soek sekerheid. Thomas vra vir 'n padkaart: *Here ons weet nie waarheen U gaan nie. Wys vir ons die pad daarheen* (Joh 14:5). Filippus vra vir 'n bewys: *Here wys ons die Vader, en dis vir ons genoeg!* (Joh 14:8) Wat hulle wil hê is eintlik maar iets waarna ons almal soek – 'n tipe GPS godsdienst, 'n 5-punt-plan. *Doen A, B en C en jy sal uitkom by jou bestemming D.*

Jesus se reaksie is: *Moenie ontsteld wees nie . . . Ek is die weg, die waarheid en die lewe . . . as julle My ken, sal julle*

my Vader ook ken . . . Geen padkaart, geen meesterplan. Net homself. Net die gewone, soms komplekse, en verwarrende ding van 'n *verhouding*. Van vertroue, geduld en broosheid.

Wat Jesus hier op die vooraand van sy dood vir sy dissipels probeer leer is een van sy mees kritiese lerings: *laat gaan jou idees oor God, en stel jou liever oop vir die verrassende, dalk mistieke God wat jou persoonlik ontmoet waar jy is, sonder 'n resep of voorskrif van gister se ervarings . . .* wat my herinner aan wat 13de eeuse mistikus Meister Eckhart iewers geskryf het: *Let us pray to God that we may be free of God.*

1 Pet 2:2-10

Daardie dag moes by Petrus vasgesteek het . . . Toe hy so graag wou weet, saam met sy dissipel broers die padkaart wou hê, 'n bewys: *Wys ons die Vader, dis genoeg . . .* En Jesus antwoord: *Ek is die weg . . . Ek is die pad . . .*

Wanneer Petrus skryf aan die volgelinge van Jesus in die noorde van die provinsie Klein-Asië, vreemdelinge, uitgeskuif uit die samelewing agv hulle andersheid, sukkel met identiteit, op moed verloor se vlakke, nie regtig veel hoop nie, kom Petrus op 'n baie slim

manier na hulle toe – met nie minder nie as 6 verwysings of aanhalings uit die Torah van die 9 verse wat hy hier skryf:

v3 Ps 34:9 *Kom ondervind en sien self dat die Here goed is. Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.*

v6 Jes 28:16 *Ek gaan in Sion 'n klip neersit, 'n uitgesoekte klip, 'n hoekklip wat fondament aan fondament sal sluit. Wie op my vertrou, hoef nie te vlug nie.*

v7 Ps 118:22 *Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip geword.*

v8 Jes 8:14 . . . 'n klip waarteen jy jou stamp, 'n rots waaroor jy struikel.

v9 Eks 19:5-6 *As julle my gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat my as priesters dien, 'n gewyde nasie.*

v9 Psalm 78 en 105 . . . *vertel van die magtige daad van God.*

v10 Hos 2:22/23 *Ek sal my ontferm oor Sonder-ontferming en haar vrugbaar maak in die land. Ek sal vir Nie-my-volk-nie sê: 'Jy is my volk' en hy sal sê: 'My God'.*

Petrus sluit aan by hulle verstaanskennis van God. Die tekste wat hy aanhaal is deel van die Joodse tradisie wat sy hoorders goed geken het. Die Psalms was liederes wat gesing is, gebede wat gebed is. Hulle ken die Sions-taal. Die tempel het gestaan in die kern van die kultiese aanbidding – was gelyk aan God se teenwoordigheid. Sy lesers se moedeloosheid, behalwe dat hulle soos tweederangse burgers behandel is, het verder gestrek, want in 64 nC is die tempel in Jerusalem verwoes deur

Nero, en die christene is daarvoor blameer.

Wat Petrus op 'n baie subtiele manier kom doen, is om aan sy hoorders te sê, laat los julle ou prentjies van God. Hy sê nie *laat los vir God nie*. Nee, laat gaan julle ou idees oor God. Hê 'n *'beginners mind'* . . . soos *pasgebore babatjies* . . . Wees oop vir iets nuuts, vir baie meer. Die tempel is verwoes, hulle word behandel asof hulle nikswerd is. Hulle laaste hoop was sekerlik ook nog die tempel in Jerusalem . . .

Hoor hier: *Laat julle as lewende stene opbou* . . . (1 Pet 2:5)

Dit is immers wat Petrus na die opstanding ontdek het. Jesus wás toe die hoeksteen. En die pad wat Hy kom wys, is nie na 'n gebou toe nie, maar na **mense**. En dis nie net meer die afstammeling van Aaron wat priesters is nie, nee, ons almal is priesters. Ons almal het toegang tot God, ons almal bring offers, ons almal offer ons lewens vir mekaar.

Toepassing

Miskien is dit wat Petrus vir ons in dié uitdagende, onseker, vir sommige beangste tyd wil kom sê: *Moenie vasval in jou ou geykte idees, prentjies oor God nie. Laat ons 'n 'beginners mind' hê, soos pasgebore babas* . . . Wanneer ons elke middag 12:00 die kerkklok hoor lui, laat dit jou nie hunker na die kerkbanke nie, maar jou eerder herinner aan 'n nuwe prentjie van kerkwees. . . dat ek en jy lewende stene is. Dat ek en jy priesters is wat kan brood uitdeel, dat my teenwoordigheid by mense iets van God se teenwoordigheid beliggaam. Miskien was dit juis dit wat Jesus

daardie dag vir ouslaas vir sy dissipels wou wys. *Julle het gedink dit is die einde van God se inkarnasie in die vleesgeworde Christus.* Toe is dit 'n uitnodiging, *kom terug in julle lywe, die nuwe inkarnasie is ek en jy wat opdaag by mense, wat liefhet . . .* En dalk, net dalk sien mense vir God raak!

Refleksie vrae vir saam dink en gesels

- Watter geekte prentjies, idees oor God, moet jy laat gaan?
- Ons het soms geekte prentjies, persepsies oor mekaar en hou mekaar dan gevange daarin. Dink na oor jou persepsies oor mense

wat jy soms daagliks mee te make het – jou lewensmaat, kinders, vriende, kollegas. Wat sou 'n *'beginners mind'* beteken in hierdie verhoudings?

Gebed

Here U is my rots en my bergvesting. Maak my vry van die idees en prentjies waarmee ek U inperk. Maak my vry van die idees en persepsies oor mense in my lewe en die perk wat ek so op verhoudings stel. Ek gee my lewe oor in U hande, maak my vry. Amen.